**Beeld BABA van die jaar 2022**

# Skryf jou baba in en stem só

Hierdie kompetisie duur van 8 Junie vanjaar tot 15 Maart 2023.

Die baba moet jonger as 12 maande wees om te kan deelneem. Die keuse berus by jou vir watter maand jy jou baba wil inskryf, solank die baba nog nie sy/haar eerste verjaardag gevier het voor/op die sluitingsdatum vir die betrokke maand waarvoor julle inskryf nie.

'n Baba mag net een keer inskryf. Babas wat nie in die maand waarvoor hulle ingeskryf het, gepubliseer is nie en teen die volgende maand se sluitingsdatum nog jonger as 12 maande oud is, se inskrywing kom outomaties weer in aanmerking.

1. Verstrek die volgende in 'n Word-dokument:
a) Die baba se naam en van
b) Die baba se geboortedatum
c) Die geslag van die baba
d) Die baba se ouers se name en vanne
e) Ouers se kontakbesonderhede (e-posadresse en kontaknommers)
f) Woonadres
2. Antwoord die volgende vrae in dieselfde Word-dokument:
a) In watter hospitaal is die baba gebore en hoe laat?
b) Hoe het julle op jul kleinding se naam besluit?
c) Vertel iets interessant of spesiaal van die baba se geboorte/geboortedag.
d) Hoeveelste kind is dit in die gesin?
e) Wat is jul droom vir jul baba?
3. Heg 'n duidelike kleur- of swart-en-wit-gesigfoto van die baba aan in jpg-formaat. Foto moet 'n minimum van 1 MB wees. In die geval van 'n tweeling (of meerlinge) moet steeds slegs een foto gestuur word waarop al die babas verskyn.
4. E-pos inskrywings aan babas@beeld.com. Tik die naam en van van die baba sowel as die blok waarvoor julle inskryf in die onderwerplyn.

**Só werk die stemproses**

Wanneer 'n baba se foto in die koerant verskyn, kan lesers vir hul gunsteling-baba stem deur:

■ **PROSES 1 (elke SMS tel 1 punt)**
SMS BABA, gunsteling-baba se naam en van, jou naam en van, waar jy woon en e-posadres na 35986.

Die SMS-lyn sal oop bly soos per die skedule ("Belangrike datums – sluitingsdatum vir stemme"). Lyn sluit om 12:00. Elke SMS kos R1,50. Gratis SMS'e geld nie en foutiewe SMS'e sal verreken word.

SMS-voorbeeld: BABA, Dian Zietsman, Tanya Schoeman, Randburg, tanya.schoeman@media24.com.

Deelnemers aan die kompetisie deur middel van stemproses 1 verleen met die gebruik van die SMS-stemme toestemming aan *Beeld* en sy borge om by geleentheid sy produkte en/of dienste aan hulle te bemark.

Sou 'n baba vir 'n tweede keer gepubliseer word, sal SMS-stemme reeds ontvang nie in aanmerking geneem word nie.

■ **PROSES 2 (elke stem tel 5 punte)**
Ekstra koerantstemme vir 'n baba kan op die dag van publikasie by Tanya Schoeman aangekoop word (tanya.schoeman@media24. com). *Beeld* sal die koerante aan 'n organisasie van sy keuse skenk. Sou 'n baba vir 'n tweede keer gepubliseer word, sal koerantstemme reeds aangekoop wel in ag geneem word.

■ **PROSES 3 (elke stem tel 5 punte)**
Stuur oorspronklike, voltooide stemstrokies wat in *Beeld* gepubliseer word na: Baba van die Jaar, Beeld Bemarking, 2de Verdieping, Pretoria-laan 272, Ferndale, Randburg, 2194.

Stemme kan ook in 'n koevert by *Beeld* se kantoor in Johannesburg afgelewer word: Baba van die Jaar, Beeld Bemarking, 2de Verdieping, Pretoria-laan 272, Ferndale, Randburg.

Sou 'n baba vir 'n tweede keer gepubliseer word, sal stemstrokie-stemme wat reeds ingestuur is in die eerste publikasie, nie in ag geneem word nie.

Dit bly die persoon wat stem se verantwoordelikheid om stemme betyds in te dien en *Beeld* aanvaar geen verantwoordelikheid vir laat stemme nie. Laat stemme sal nie in aanmerking geneem word nie. Dieselfde prosedure geld vir babas wat buite *Beeld* se verspreidingsgebied val en wil deelneem. Jy kan soveel keer stem as wat jy wil. Die baba met die meeste punte vir die maand sal as die wenner aangewys word.

## Winkel met alles vir die kleinspan



4aKid is 'n bekroonde aanlyn babawinkel wat konstant daarna streef om een van die beste babawinkels in die land te wees.

Hulle bied die beste gehalte in baba-, kleuter- en kinderprodukte saam met puik klantediens en vinnige versending. Só maak 4aKid die lewe makliker en eenvoudiger vir besige ouers. 4aKid se fokus is op die kleinspan – en hul veiligheid en geluk is van uiterste belang.

Daarom is hul missie om te verseker dat hul kinderveiligheidsprodukte bekostigbaar is en ook beskikbaar is aan ouers landwyd.

4aKid wil ook bewustheid skep om kinderveiligheid, of dit nou tuis is, terwyl hulle eet, in die bad, die tuin, die motor, in die swembad of sommer net terwyl 'n mens daagliks rondbeweeg.

■ Vir meer inligting, besoek die webwerf 4akid.co.za.

## Vertrou Bennetts-reeks vir jou baba




Bennetts-babaprodukte is al meer as 30 jaar op die mark en het 'n vertroude naam in Suid-Afrika se huishoudings geword.

Al ons produkte ondergaan kliniese toetse en word aanbeveel deur dermatoloë, daarom kan ons gerus wees dat ons reeks net die beste vir jou gesin is.

Elke produk word met deernis beplan en vervaardig om die lewe vir ouers te vergemaklik. Ons reeks fokus daarop om oplossings vir alledaagse uitdagings te bied wanneer dit by die sorg van jou baba kom.

Ons Sensitive Skin Care-reeks is ideaal vir sensitiewe velletjies.

■ Besoek gerus bennettsforbabies.co.za.

## Meer as 3 000 leer elke maand



Die Kiddies Aqua Swimming Academy het in die laaste paar jaar fenomenaal gegroei tot waar hul huidige ses takke en lisensiehouers (van Pretoria tot in die Kaap) meer as 3 000 swemmertjies elke maand leer swem en waterveilig maak. Hulle maak binnekort nog vier takke oop, waarvan een in Namibië is.

Aan die stuur van hierdie wêreldklas-saak is Lizette Botha, haar man, Arrie, en lisensiehouers van elke individuele tak. Die akademie beskik oor 25 hoogs opgeleide en gekwalifiseerde swemafrigters.

Die meeste beskik oor grade in onderwys, menslike bewegingskunde, kindersielkunde, biokinetika, sportbestuur, sportwetenskap en ander nasionale en internasionale sertifisering in swem.

Die akademie werk gereeld saam met die Princess Charlene of Monaco Foundation waar hulle daagliks voorskoolse leerlinge van die townships aanry na hul verhitte binnenshuise geriewe om te leer swem.

Die akademie is in die proses om sy eie stigting (African Children Aquatics Foundation) op die been te bring met 'n Amerikaner (Ruger Stocking) aan die hoof.

Die stigting se oogmerk is om swem na al die gemeenskappe in Afrika te neem met die ondersteuning van maatskappye oor die wêreld heen.

Botha sê swem is 'n lewensvaardigheid wat vroeg by kinders aangekweek moet word en elke kind moet die kans gegun word om te kan leer swem.

■ Besoek kiddiesaqua.co.za vir meer inligting.

## Lekker slaap op 'n Sealy



Leidrade wat jou kan help om te weet dat jou kind gereed is om na 'n Sealy-enkelbed te skuif:

■ As jou baba uit die kot kan klim. Jou kind kan val en seerkry, dus sal dit veiliger wees om jou kind op 'n lae bed te laat slaap.

■ Jou baba kan fisiek die bababedjie ontgroei. Sodra jou baba te lank begin raak en nie meer gemaklik in die bedjie lê nie, is 'n skuif nodig.

■ As jy besig is om jou baba te leer om die potjie te gebruik en nie meer doeke in die nag te gebruik nie, asook as jou kleinding saans self in en uit die bed kan klim, gee dit vir hulle die vryheid en beheer wat hulle nodig het.

Sodra dit tyd is om die verandering te maak, kan jy vir hulle 'n Sealy Singles-bedstel aanskaf met optimale ruggraatondersteuning vir 'n groeiende lyf. Om 'n goeie nag se slaap te kry, is noodsaaklik vir jou kind se groei en ontwikkeling, en 'n gemaklike en ondersteunende matras kan wel die verskil maak.

Sealy se nuwe Singles-matrasreeks help kinders om die gehalte--slaap te kry wat hulle nodig het vir gesonde fisieke en geestelike ontwikkeling. Soos alle Sealy-matrasse, is die Singles-reeks gemaak met hipoallergene eienskappe om algemene huishoudelike allergene te bestry vir 'n gesonder slaapervaring. Sealy Singles het ook lae skuim wat druk verlig en die dubbele verstellingveerstelsel wat die nodige vertroostende ondersteuning vir jou kind bied.

■ Vir meer oor Sealy se reeks enkelbeddens besoek sealy.co.za.

## Februarie-groep se babas

**Hier is die Februarie-groep skattige babas in *Beeld* se Baba van die Jaar-kompetisie 2022. Groot pryse is op die spel, soos beddens van Sealy, swemlesse van Kiddies Aqua Swimming Academy, en geskenkpakke van onder meer Bennetts en 4aKid. Vir meer inligting oor pryse en voorwaardes, besoek *Beeld* se Facebook-blad.**


**Blake Martin Voigt van Pretoria is op 4 Januarie 2022 gebore.**


**Dulandré George Kruger van Vanderbijlpark is op 29 November 2021 gebore.**


**James Henry Meyer van Oudtshoorn is op 2 Januarie 2022 gebore.**


**Janco Prinsloo van Noordheuwel is op 22 Februarie 2022 gebore.**


**Liam Viljoen van Rustenburg is op 8 Julie 2021 gebore.**


**Liane Bester van Rustenburg is op 9 Januarie 2022 gebore.**


**Maryka Grobler van Fochville is op 22 Februarie 2022 gebore.**


**Mia Van Aswegen van Mooinooi is op 20 Oktober 2021 gebore.**


**Reynhardt Nantes Kotze van Phalaborwa is op 9 Februarie 2022 gebore.**


**Rigardt van Staden van Bloemfontein is op 3 Desember 2021 gebore.**


**Rion Rudolph van Polokwane is op 9 Januarie 2022 gebore.**


**Rogan Riley Barker van Mokopane is op 28 Junie 2021 gebore.**


**Stefan Schoeman van Pierre van Ryneveld is op 15 Februarie 2022 gebore.**

## Doekbeursie vir gerief en gemak



Maak vinnige, onbeplande uitstappies moeiteloos met ons LenéShoes "doekbeursie ("nappy wallet"). Die ontwerp is vir die besige mamma om net die nodige byderhand te hê indien haar baba se doek geruil moet word.

Ons doekbeursie het ook die nodige spasie vir mamma se selfoon en 'n snellerhaak vir haar motorsleutel. Hierdie produk word vervaardig van hoëgehalte leer en is beskikbaar in verskeie kleure.

Ons bied ook die verpersoonliking van dié doekbeursies aan met kleinding se naam of 'n spesiale vers. Dis ons topverkoper as 'n geskenk vir 'n babatee.

## Rustig en veilig by TO Strand



TO Strand is een van die beste strande en kusstreke om te besoek. Die TO Strand-vakansieoord is geleë in 'n klein, skilderagtige dorpie genaamd Leisure Bay, slegs 26 km suid van Margate en 10 km noord van die Wild Coast Sun.

Die oord grens aan die strand, en bied selfsorgverblyf, kampeerplekke, verblyf vir skoolkampe, troues en daar is ook konferensiegeriewe.

Die oord kan ongeveer 1 100 gaste akkommodeer in 63 selfsorghuisies en 141 ruim staanplekke. Daar is ook twee riviertente (Rivertent 1 is 'n normale tent en Rivertent 2 is 'n "glanstent"). Die kampterrein het twee ablusieblokke wat daagliks gediens word, en elke staanplek is voorsien van water en kragpunte. Dat dit rustig is spreek vanself en die oord is trots op sy skoon en veilige semi-private strand, wat gedurende naweke en die seisoen deur lewensredders dopgehou word. Daar is ook haainette, wat dit 'n veilige area maak om te swem.

## 15 vertonings landwyd vir Ollie



Ollie die singende nar is bekroon met 'n African Excellence Award vir die mees vermaaklike singende hanswors in Suid-Afrika vir 2022.

Ollie gaan vanaf Augustus 2022 tot November 2022 met sy eenwielfiets van Pretoria tot in Kaapstad ry en 60% van die inkomste gaan aan liefdadigheid geskenk word. Op sy reis gaan hy 15 groot vertonings lewer.

■ Kontak Pieter Vorster by 061 030 3902 of 083 694 1479. Vir meer inligting, besoek olliethesingingclown.co.za.

## Warm en ongelooflik oulik ook



Little & Co is 'n trots Suid-Afrikaanse maatskappy wat spesialiseer in die vervaardiging van baba- en kleuterklere van suiwer katoen.

Ons katoen word in Suid-Afrika geweef, wat deurlopend voortreflike gehalte verseker.

Van jou heel eerste uitrusting in die hospitaal tot spesiale-geleenthede-drag, mamma-en-ek-uitrustings en alles tussenin, is Little & Co jou eenstop-trots-Suid-Afrika-winkel.

Hierdie winter gaan alles oor lae en materiale van goeie gehalte.

Ons speelpakkies van 100% katoen sal jou baba warm hou, terwyl dit ongelooflik oulik lyk. Trek dit saam met 'n handgebreide *romper* aan vir ekstra warmte en oulikheid.

■ Besoek die webwerf littleandco.co.za.